Laerskool Montagu se weeklikse nuusbrief
montagu.prim@wcgschools.gov.za
www.laerskoolmontagu.net
023 614 1640

MONTIENUUS

15 Mei 2024
OB 19

Beste Ouers

Die kwartaalprogram met al ons aktiwiteite verloop soos beplan. Tussendeur is daar van ons leerders wat individueel deelneem aan verskillende aktiwiteite en pragtig presteer. Hou gerus ons Facebookblad dop en sien meer hiervan. Ellie Bussell het aan die eerste rondte van die ATKV Redenaars deelgeneem en met groot selfvertroue opgetree. Cari Conradie is opgeneem in die o. 12 Wes-Kaap netbalspan. Jenö Jacobs is gekies vir die finale o. 13 Boland rugbyspan. Ons is baie trots op hierdie Monties wat hul talente verder ontwikkel!

Die werksafbakeninge vir die gr. 4-7 leerders is op Vrydag 10 Mei aan die ouers uitgestuur. Werk asb. deur die afbakening met u kind en maak seker hy/sy berei deeglik voor vir die komende eksamen/kontroletoetse. Hierdie is 'n belangrike toetsreeks en die leerders skryf in die meeste vakke oor kwartaal een en twee se werk. Skooltye vanaf 24 Mei is vanaf 07:45 – 13:00 vir alle leerders. Daar vind geen sportoefeninge plaas gedurende die toetsreeks nie. Die korter skooldae gedurende die Junie toetsreeks word ingestel, sodat die leerders genoeg tyd het om te leer vir die toetse. Ons beveel aan dat ouers saam met hul kinders 'n rooster uitwerk vir die middae en aande, waarop tyd vir leerwerk en ontspanning/huistakies daarop aangedui word.

Ons neem hierdie week deel aan rugby- en netbal ligawedstryde teen W.A. Rossouw Primêre Skool. Saterdag speel ons rugby en netbal by Laerskool Overberg te Caledon by hulle sportdag. Weens verskuiwings in datums kan ons nie vanjaar aan Swellendam se Sportdag deelneem nie.

Ons wens u sterkte toe vir die week wat voorlê.

Vriendelike groete

Jan Krüger
Skoolhoof

Weektema: Nederigheid

BrainTribe:
BrainBuddy: "Die vrugte van nederigheid is liefde, vrede en geluk."

Geborg deur:
SPAR MONTAGU
volg ons op
sparmontagu
023 614 3080

BELANGRIKE DATUMS

Woensdag, 15 Mei	GF Interne redenaars
Donderdag, 16 Mei	Rugby en netbal: WA Rossouw (tuis)
Vrydag, 17 Mei	Entrepreneurs: Gr. 4S GF boeke huis toe Swellendam Sportdag (Hokkie)
Saterdag, 18 Mei	Caledon Sportdag: 7-13 jr (Netbal en Rugby)
Maandag, 20 Mei	Kinderbeskermingsweek (Monties trek groen aan) IF Interne redenaars (Gr. 6 en 7): 13h15 – 14h15
Dinsdag, 21 Mei	Gr.4 Studiemetodes
Woensdag, 22 Mei	Gr.4 Studiemetodes Hokkie vs Ashton (tuis) Storieskip IF Interne redenaars (Gr. 4 en 5): 13h21 – 14h15

Personeel verjaarsdae:

Marga den Engelsman: 18 Mei

Marna Otto: 23 Mei

Kontrole toetse - Junie 2024

Datum	Graad 4 - 6	Graad 7
Vrydag, 24 Mei		GESKIEDENIS/SK
Maandag, 27 Mei		LO
Dinsdag, 28 Mei	NWT	EBW
Woensdag, 29 Mei	STEMDAG	
Donderdag, 30 Mei	AFRIKAANS	ENGELS
Vrydag, 31 Mei	ENGEL	AFRIKAANS
Maandag, 3 Junie	GESKIEDENIS	NW
Dinsdag, 4 Junie	WISKUNDE	GEOGRAFIE
Woensdag, 5 Junie	GEOGRAFIE	WISKUNDE
Donderdag, 6 Junie	PSW	TEGNOLOGIE

Storieskip

Onthou! Storieskip besoek ons skool op Woensdag, 22 Mei. Bring asb. so gou as moontlik jou R10 skool toe en betaal by jou klasonderwyser sodat jy hierdie produksie mag bywoon.

LESERS/SKRYWERS TYDENS EKSAMEN

Ons het ‘n behoefte aan mense wat ons tydens eksamens kan help met leerders wat ‘n leser of ‘n skrywer nodig het. Indien u tydens die eksamen SOGGENS beskikbaar is vir ‘n uur of twee, kontak asseblief vir Me. Maryn Stemmet by 082 967 7289. Die skool sal die nodige opleiding hiervoor verskaf. Daar sal ongelukkig geen vergoeding wees nie.

Indien u meer wil uitvind, is u ook welkom om Me. Stemmet te kontak.

Uitslae vs H Venter: 7 Mei 2024

NETBAL

Span	Telling	Speler van die wedstryd
o. 7A	4 - 0	Geneva Pekeur
o. 8A	2 - 2	Wilné Joubert
o. 9A	4 - 1	Carla Swanepoel
o. 10A	7 - 5	Layla Moses
o. 11A	15 - 4	Katy Wolmarans
o. 12A	18 - 6	Cari Conradie
o. 13A	15 - 9	Amber Rossouw

RUGBY

Span	Telling	Speler van die wedstryd
o. 8A	10 - 15	Mason Waggie
o. 9A	25 - 15	Voorspeler: Arteeno Lee, Agterspeler: Kieran-Jon Booysen
o. 11A	37 - 0	Josua du Toit, Larkham van der Bergh
o. 13A	7 - 27	Jenö Jacobs

Spanne vs WA Rossouw - Donderdag, 16 Mei

Netbal: o. 7A, o. 8A, o. 9A, o. 10A, o. 11A, o. 12A, o. 13A+B

Rugby: o. 7A, o. 8A, o. 9A, o. 11A, o. 13A

NB! Gewone sportoefening in sportperiode vir al die spanne

Op Donderdag, 16 Mei 2024

Spanne vir Overberg Sportdag - Saterdag, 18 Mei

Netbal: o. 7A+B, o. 8A+B, o. 9A+B, o. 10A+B, o. 11A+B, o. 12A, o.13 A+B

Rugby: o. 7A+B, 8A, 9A+B, 11A+B, 13A+B

H O K K I E K L I N I E K

Op Vrydag, 10 Mei 2024 het Me Salomé Burger 'n baie suksesvolle hokkiekliniek vir ons hokkiespelers aangebied. Ongeveer 60 spelers het hul vaardighede kom opskerp en dit baie geniet alhoewel dit baie koud was. Baie dankie aan tannie Salomé en al die afrigters wat van die middag 'n sukses gemaak het.

Skole Wes-Kaap netbal

Ons is baie opgewonde om aan te kondig dat Cari Conradie amptelik 'n Skole Wes-Kaap netbalspeelster is. Sy gaan Junievakansie die Wes-Kaap verteenwoordig in die SASN All Ages toernooi in Boksburg.
Cari, ons is ongelooflik trots op jou.

Boland o. 13-Rugby

Jenö Jacobs is opgeneem in die finale Boland, o.13- rugbygroep.
Hulle neem 17-18 Mei in Worcester deel, waar hulle gaan wedstryde speel teen WP, SWD en OP.
Baie geluk en sterkte vorentoe!

Inleiding tot effektiewe studiemetodes vir GRAAD 4

Me. Annaleen Cilliers (arbeidsterapeut van Ashton) bied op Dinsdagaand, 21 Mei en Woensdagaand, 22 Mei vanaf 18:00 tot 20:00 'n inleidende kursus vir studiemetodes vir graad 4's aan. Die kursuskostes beloop R300 (vir albei aande). Dit moet bygewoon word deur die kind EN 'N OUER. Hierdie is 'n goeie geleentheid om die fondasie te lê vir effektiewe leer.

Die kursus word by Laerskool Montagu in die biblioteek aangebied.

Kontak me. Cilliers direk vir bespreking/navrae: 084 291 3302

Kursusinhoud:
- Wat is leer?
- Verskillende studie voorkeure.
- Effektiewe maniere om werk te verstaan, op te som, te onthou en toets te skryf.